RAADSBELEID

ONDERWERP : I D E N T I F I S E R I N G V A N B E G U N S T I G D E S V I R BEHUISINGSUBSIDIES

VERWYSING : 17.5.2

BESLUIT NR : 23.10/06/2004 DATUM : 28 Junie 2004

BELEIDSOOGMERK : Om 'n deursigtige manier vir die identifisering van begunstigdes vir behuisingsubsidies daar te stel.

BELEIDFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad aanvaar sy verantwoordelikheid om by te dra tot die verligting van die behuisingsnood binne sy regsgebied.

RIGLYNE
1. By die toekenning van behuising word die volgende riglyne daargestel:

1.1 Toekenning geskied in verhouding tot die aantal aansoeke op die waglys aan die hand van die kategorieë in prioriteitsorde, soos hieronder uiteengesit:

1. Getroude/geskeide persone, asook weduwees en wewenaars, met afhanklikes;
2. Gestremde persone met/sonder afhanklikes (1%);
3. Bejaarde persone (getroud/saamwoon) met afhanklikes (2%);
4. Ongetroude/saamwoon pare met afhanklikes;
5. Ongetroude persone sonder afhanklikes.

1.2 Begunstigdes moet minstens **5 (vyf) jaar** in die regsgebied van //Khara Hais woonagtig wees.

PROSEDURE
1. Aansoeker op die waglys moet deur die Behuisingsafdeling, in samewerking met die Raadslede, verifieer word voor toekenning.

2. Slegs aansoekers wat op die waglys verskyn sal in aanmerking geneem word.

ROLSPELERS
1. Raadslede.

2. Behuisingsbeamptes.

3. Wykskomitees.

VERWANTE BELEID
Behuisingsbeleid.